

Sondag 18 April

Skrifgedeelte: Filippense 3:17 –
4:1

Fokusgedeelte: Filippense 3:20

Staan vas en bly getrou!

Filippense word dikwels 'n blydschapbrief genoem. Wat die brief verder merkwaardig maak, is dat Paulus dit nie skryf vanuit gunstige omstandighede nie, maar vanuit die gevangenis. Die blydschap waarvan ons in hierdie brief lees, die opdrag om “bly te wees in die Here” is dus nie 'n blote koue dogma wat Paulus vanuit 'n sagte rusbank aan die gemeente skryf nie, dit is prakties!

Hoe kry Paulus dit dan reg om bly te wees in die Here? Hoe kan hy vir hierdie gemeente (wat self ook maar swaargekry het) skryf om bly te wees? Die frase “in die Here” is die sleutel!

In Filippense 3:18 waarsku Paulus egter dat daar baie vyande van die kruis is. Hulle lewe vir kortstondige genietinge, hulle is aardsgesind, hulle dink net aan die hier en nou. Hoekom doen hulle dit? Want hulle is opsoek na vreugde. Hulle soek vreugde in kos, in status. Hulle skep vir hulleself dinge om na te jaag, met die hoop dat dit vir hulle sin en vreugde in die lewe sal bring.

Van toe tot nou het nie baie verander nie. Ons harte is afgodsfabrieke, het iemand eenkeer gesê. Mense skep ook vir hulleself afgode wat dan vir hulle lewensvreugde en sin sal gee. Kyk maar om jou – geld, mag, status, seks, skoonheid, noem maar op!

Dan lees ons egter in vers 20 van die evangeliese “maar”. Maar ons is burgers van die hemel ... Jou paspoort sê jy behoort aan 'n ander Koninkryk! Jou geluk en vrede is alleen daar te vinde ... daarom, staan vas en bly getrou aan die Here!

Sing: Skrifbelyning 1-6:1-3

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)